

# OCEANA GROUP BEPERK

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer (Registrasienuommer 1939/001730/06)

## KOMMENTAAR Finansiële resultate

Inkomste vir die ses maande geëindig 31 Maart 2009 het met 24% toegeneem vergeleke met die eerste helfte van die vorige jaar. Bedryfswins voor abnormale items het met 69% toegeneem met ingemaakte- en marsbankerbesigheidseenhede wat goeie verbetering teenoor die vorige jaar toon.

Wesensverdienste per aandeel vir die ses maande het met 59% gestyg en verdienste per aandeel met 63%.

'n Tussentydse dividend van 31 sent per aandeel is verklaar (2008: 26 sent per aandeel).

### Bedryfsrooiering

**Kusvisserij**  
Die totale toelaatbare vang (TTV) vir sardyne in 2009 is 90 000 ton (2008: 90 776 ton). Tot op hede was sardynvangste bemoedigend en opbrengste was goed. Gevolglik was ingemaaktevis-produksie bo die vorige jaar se vlakke. Daar is aangekondig dat die Namibiese sardyn-TTV 15 000 ton (2008: 15 000 ton) is en visvangbedrywigheide in Mei begin het.

Verkoopsvolumes ingemaakte vis was hoër, hoofsaaklik as gevolg van verhoogde hoeveelhede ingevoerde produk. Marges het taamlik verbeter en Lucky Star se marktaandeel het verder herstel as gevolg van die hoër verkope.

By Glenryck Foods in die Verenigde Koninkryk het volumes en marges gedaal as gevolg van die bedrukte ekonomiese toestande daar en die verswakking van sterling teenoor die VS-dollar.

Oorkoepelend was wins uit ingemaaktevis-bedrywigheide ruim hoër vergeleke met dieselfde tydperk verlede jaar.

Die ansjovis-TTV vir die "A"-seisoen vir 2009 is 299 437 ton (2008: 397 500 ton). Diepseevisvangtoestande was goed en groter vangste as in die vergelykende tydperk is vir die Groep se vismeelfabriek aan wal gebring. Verwerkingsopbrengste was goed en produksiekoste is gunstig beïnvloed deur dalende energiepriese. Vismeelverkoopspryse in die plaaslike mark en uitvoermarkte was hoër. As gevolg van die seisoensaard van vismeelbedrywigheide is 'n verlies gelyk maar dit was laer as in die eerste helfte van verlede jaar.

Die TTV vir weeskuskeef is tot 2 340 ton (2008: 2 571 ton) verlaag. Die kwota tot Oceana se beskikking vir die huidige seisoen beloop 348 ton (2008: 373 ton). Keefvangkoerse in sekere visvangsone was benede dié van die vorige jaar, wat tot hoër vangskoste per eenheid gelei het. Uitvoerkoopspryse was laer in buitelandse valuta maar het gebaat by swakker wisselkoerse, met die gevolg dat pryse in rand hoër was. Winste uit keef het gedaal, hoofsaaklik as gevolg van laer verkoopsvolumes en hoër vangskoste.

# TUSSENTYDSE VERSLAG en dividendverklaring vir die ses maande geëindig 31 Maart 2009

Die ongeouteide resultate van die groep vir die ses maande geëindig 31 Maart 2009 word hierin uiteengesit.

Hierdie verslag is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoening-standaarde (IFVS) van toepassing op Tussen-tydse Finansiële Verslagdoening (IRS 34) en in ooreenstemming met die beginsels wat in die mees onlangs gepubliseerde finansiële jaarstate toegepas is, opgestel.

'n Langdurige staking deur vissers in die tjokkbedryf het veroorsaak dat tjokkvangste laer is as dié van verlede jaar. As gevolg van die lae volumes en aansienlik laer verkoopspryse in euro het hierdie sakeonderneming 'n verlies gely.

Winste uit die aartappelskyfie-bedrywigheide was marginaal beter as die vorige jaar op soortgelyke volumes.

**Oopsee- en diepseevisserij**  
Die marsbanker-TTV in Namibië bly onveranderd op 230 000 ton. Die groep se bykomende (derde) Namibiese oopsee-reier wat in Augustus verlede jaar met visvangbedrywigheide begin het, het goed gepresteer. Vangste in Namibië en Suid-Afrika was baie goed, met hoër visvangkoerse per vaart en 'n verbeterde samestelling van groter vis. Gevolglik is volumes hoër as die vergelykende tydperk verlede jaar. Goeie uitvoerpryse is behaal hoewel die vraag in onlangse maande verswak het. Die oorkoepelende bedryfswins uit marsbankers was aansienlik hoër as dié van die vergelykende tydperk.

Stokvisvaartuie het goed gepresteer en bedryfsresultate het 'n verbetering getoon omdat die uitwerking van laer uitvoerpryse deur die swakker rand/euro-wisselkoers teenengewerk is.


**Koelbewaring**  
Gebruiksvlakke was oor die algemeen laer as gevolg van die daling in klante se invoervolumes hoewel die store in Walvisbaai en by die Duncan-dok, Kaapstad, groter gebruiksvlakke ondervind het. Hanteringsvlakke ten opsigte van bevrore produkte was effens benede dié in die vergelykende tydperk. Die uitbreiding by die City Deep-fasiliteit is in Desember met sukses in gebruik geneem. Bedryfswins vir die ses maande was laer.

**Direksie**  
Mnr Francois Kuttel is met ingang van 1 Julie 2009 as hoof uitvoerende beamppte van die groep aangestel.

**Voorsigte**  
Hoewel verdienste in die eerste helfte van die jaar ruim hoër as verlede jaar was, sal die prestasie in die tweede helfte deur wisselkoerse en minder gunstige internasionale marktoestande beïnvloed word. Groei in verdienste en wesensverdienste vir die volle jaar sal na verwagting teen 'n baie lae koers as dié van die eerste halfjaar wees. Oceana se ouditeure het nie die inligting wat voorspel word, nagesien of geoutid nie.

Namens die direksie

**MA Brey** Voorsitter  
**RG Nicol** Waarnemende hoof uitvoerende beamppte  
7 Mei 2009



## WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL STYG MET 59%

## DIVIDENDE PER AANDEEL STYG MET 19%

## VERKORTE GROEP SEGMENTELE VERSLAG

	Ongeouteier ses maande geëindig 31 Maart		Geouteier ses maande geëindig 30 Sept	
	2009 R'000	2008 R'000	2008 R'000	2008 R'000
<b>Inkomste</b>	<b>983 895</b>	783 331	1 879 711	
Kusvisserij	555 533	445 681	934 384	
Oopsee- en diepseevisserij	81 332	74 229	188 381	
Kommersiële koelbewaring				
Totaal	<b>1 620 760</b>	1 303 241	3 002 476	
<b>Bedryfswins voor abnormale items</b>	<b>58 838</b>	28 649	164 345	
Kusvisserij	357 172	52 933	94 267	
Oopsee- en diepseevisserij	96 473	21 188	58 672	
Kommersiële koelbewaring	18 800			
Totaal	<b>174 111</b>	102 770	317 284	
<b>Totale bates</b>	<b>809 616</b>	650 020	697 947	
Kusvisserij	357 172	203 824	283 247	
Oopsee- en diepseevisserij	176 816	151 830	165 557	
Kommersiële koelbewaring	234 680	279 298	403 345	
Finansiering	1 578 284	1 284 972	1 550 096	
Uitgestelde belasting	6 577	9 340	5 386	
Totaal	<b>1 584 861</b>	1 294 312	1 555 482	
<b>Totale laste</b>	<b>245 025</b>	217 108	324 220	
Kusvisserij	177 575	105 596	102 703	
Oopsee- en diepseevisserij	33 900	26 676	34 247	
Kommersiële koelbewaring	85 756	46 585	50 021	
Finansiering	542 256	395 965	511 191	
Uitgestelde belasting	42 037	31 188	44 733	
Totaal	<b>584 293</b>	427 153	555 924	

## AANTEKENINGE

	Ongeouteier ses maande geëindig 31 Maart		Geouteier ses maande geëindig 30 Sept	
	2009 R'000	2008 R'000	2008 R'000	2008 R'000
<b>1. Abnormale items</b>				
Omswaaing van voorsiening vir lenings in Namibiese witvis-sakeonderneming	3 416		5 395	
Wins met verandering van belang in sakeonderneming		1 382	809	
Waardedalingsverlies op Wes-Australiese kreefvangregte		(1 476)	(1 476)	
Wins met verkoop van Wes-Australiese kreefvangregte			4 565	
Netto surplus met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting			1 684	
Wins met verkoop van belegging			243	
Omswaaing van voorsiening vir onverhaalbare rekenings			505	
Voorsiening ten opsigte van aanwending van pensioenfondssurplus		(403)		
Abnormale wins(verlies) voor belasting	3 416	(497)	11 725	
Belasting	(1 196)	(242)	(319)	
Abnormale wins(verlies) na belasting	<b>2 220</b>	(739)	11 406	
	<b>Getal aandeel '000</b>	Getal aandeel '000	Getal aandeel '000	
<b>2. Uitskakeling van tesourieaandeel</b>				
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandeel	118 345	117 587	117 610	
Min: tesourieaandeel deur aandeeltrusters gehou	(14 253)	(14 387)	(14 375)	
Min: tesourieaandeel deur filiaalmaatskappy gehou	(5 094)	(4 514)	(4 514)	
Geweegde gemiddelde getal aandeel waarop verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel gegrond word	<b>98 998</b>	98 686	98 721	
	<b>R'000</b>	R'000	R'000	
<b>3. Bepaling van wesensverdienste</b>				
Wins na belasting toeskryfbaar aan eie aandeelhouers	122 504	74 749	246 073	
Aangepas vir:				
Omswaaing van voorsiening vir lenings in Namibiese witvis-sakeonderneming	(2 220)		(5 395)	
Wins met verandering van belang in sakeonderneming		(1 027)	(615)	
Waardedalingsverlies op Wes-Australiese kreefvangregte		1 476	1 476	
Wins met verkoop van Wes-Australiese kreefvangregte			(4 565)	
Netto (surplus)/verlies met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	(705)	8	(1 590)	
Wins met verkoop van belegging			(243)	
Omswaaing van voorsiening vir onverhaalbare lenings			(505)	
Wesensverdienste vir die tydperk	<b>119 579</b>	75 206	234 636	
<b>4. Dividende</b>				
Geraamde dividend na verslagdatum verklaar	30 737	25 534	127 883	
Dividend op aandeel voor laaste verhandelingsdag uitgereik		13	607	
Werklike dividend na verslagdatum verklaar		25 547	128 490	
<b>5. Aanvullende inligting</b>				
Koste van verkope	1 169 169	942 988	2 131 946	
Depresiasie	30 688	28 406	67 255	
Bedryfsbruikhuurkoste	9 223	8 704	18 876	
Valutawins	(24 622)	(9 117)	(15 770)	
Kapitaalbesteding	38 792	17 745	127 511	
Uitbreiding	21 891	3 323	89 384	
Vervanging	16 901	14 422	38 127	
Kapitaalverbintnisse	74 847	135 328	125 778	
Gekontraakteer	4 396	112 880	27 769	
Nie gekontraakteer nie	70 451	22 448	98 009	

## VERKORTE GROEPINKOMSTESTAAT

	Ongeouteier ses maande geëindig 31 Maart		Geouteier ses maande geëindig 30 Sept	
	2009 R'000	2008 R'000	Verandering %	2008 R'000
<b>Inkomste</b>	<b>1 620 760</b>	1 303 241	24	3 002 476
<b>Bedryfswins voor abnormale items</b>	<b>174 111</b>	102 770	69	317 284
Abnormale items	3 416	(497)	1	11 725
Bedryfswins	177 527	102 273	74	329 009
Dividende ontvang en opgeloopt	11 624	9 075		19 103
Netto rente ontvang	3 856	5 903		10 311
<b>Wins voor belasting</b>	<b>193 007</b>	117 251	65	358 423
Belasting	63 093	39 989	58	104 153
<b>Wins na belasting</b>	<b>129 914</b>	77 262	68	254 270
<b>Toeskryfbaar aan:</b>				
Aandeelhouers van Oceana Group Beperk	122 504	74 749	64	246 073
Buite-aandeelhouers in filiale	7 410	2 513	195	8 197
	<b>129 914</b>	<b>77 262</b>	68	<b>254 270</b>
Geweegde gemiddelde getal aandeel waarop verdienste per aandeel gegrond word (000'e)	98 998	98 686		98 721
Aangepaste geweegde gemiddelde getal aandeel waarop verwaterde verdienste per aandeel gegrond word (000'e)	101 527	99 623		100 144
<b>Verdienste per aandeel (sent)</b>				
Basies	123,7	75,7	63	249,3
Verwater	120,7	75,0	61	245,7
<b>Dividende per aandeel (sent)</b>	<b>31,0</b>	26,0	19	156,0
<b>Wesensverdienste per aandeel (sent)</b>				
Basies	120,8	76,2	59	237,7
Verwater	117,8	75,5	56	234,3

## VERKORTE GROEPBALANSSTAAT

	Ongeouteier 31 Maart		Geouteier 30 Sept	
	2009 R'000	2008 R'000	2008 R'000	2008 R'000
<b>Bates</b>				
Nie-bedryfsbates	524 188	462 802	516 084	
Eiendom, masjinerie en toerusting	342 225	262 731	334 147	
Klandisiewaarde	21 720	25 525	23 544	
Visvangregte en handelsmerke	20 064	36 167	21 749	
Uitgestelde belasting	6 577	9 340	5 386	
Beleggings en lenings	133 602	129 039	131 258	
Bedryfsbates	1 060 673	831 510	1 039 398	
Voorraad	491 667	294 782	344 458	
Rekenings ontvangbaar	467 928	386 469	424 405	
Kontant en kontantekwivalente	101 078	150 259	270 535	
Totale bates	<b>1 584 861</b>	1 294 312	1 555 482	
<b>Ekwiteit en laste</b>	<b>1 000 568</b>	867 159	999 558	
Ekwiteit				
Belang van eie aandeelhouers	970 432	843 278	969 926	
Belang van buite-aandeelhouers	30 136	23 881	29 632	
Nie-bedryfslaste	60 264	40 304	59 690	
Aanspreekbaarheid vir aandeelgebaseerde betalings	18 227	9 116	14 957	
Uitgestelde belasting	42 037	31 188	44 733	
Bedryfslaste	524 029	386 849	496 234	
Rekenings betaalbaar en voorsienings	443 670	343 418	443 832	
Bankoortrekkings	80 359	43 431	52 402	
Totale ekwiteit en laste	<b>1 584 861</b>	1 294 312	1 555 482	
Getal uitgereikte aandeel na aftrekking van tesourieaandeel (000'e)	99 150	98 209	98 371	
Netto batewaarde per gewone aandeel (sent)	979	859	986	
Totale laste uitgesonderd uitgestelde belasting: Totale ekwiteit (%)	54	46	51	
Totale lenings: Totale ekwiteit (%)	8	5	5	

## VERKORTE GROEPSTAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Ongeouteier ses maande geëindig 31 Maart		Geouteier ses maande geëindig 30 Sept	
	2009 R'000	2008 R'000	2008 R'000	2008 R'000
Saldo aan die begin van die tydperk	999 558	905 522	905 522	
Aandeel uitgereik	11 294	8 576	9 588	
Toename in tesourieaandeel gehou deur filiaal		(52 302)	(52 302)	
Afname in tesourieaandeel gehou deur aandeeltrusters	992	22	1 282	
Beweging op valuta-omrekeningsreserwe	(6 324)	15 315	(2 974)	
(Verlies)/wins op kontantvloeierverskansings	(3 357)	6 734		
Erkenning van aandeelgebaseerde betalings	3 920	4 148	7 865	
Wins na belasting	129 914	77 262	254 270	
Verlies met verkoop van tesourieaandeel		(25)	(53)	
Dividende verklaar	(135 429)	(98 093)	(123 640)	
Saldo aan die einde van die tydperk	<b>1 000 568</b>	867 159	999 558	
Bestaande uit:				
Aandelekapitaal en -premie	14 656	98	2 370	
Valuta-omrekeningsreserwe	16 052	40 665	22 376	
Kontantvloeierverskansingsreserwe	(3 357)	6 734		
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	28 502	20 966	24 616	
Kapitaaldelingsreserwe	130	130	130	
Uitkeerbare reserwes	914 449	774 685	920 434	
Buite-aandeelhouersbelang	30 136	23 881	29 632	
Totaal	<b>1 000 568</b>	867 159	999 558	